Tema: Kersfees sê: God se beloftes staan vas en jy kan met blydskap en sekerheid daarop reken.

Ontmoetingsdiens Intreelied: Sb 10-1: 1 (Mel: Ps. 50 se 2 de mel)
Seën
Lofsang Lied 203: 1, 2
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Matteus 1: 18 - 2: 12
Teks: Matteus 1: 22
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing Lied 588: 1, 3
Liefdegawes
Gebed vir BnB
Sing Lied 353: 1, 2, 3
Seën: gemeente sing Skrifberyming 20-2: 7 as seën (Mel van Ps. 134-1)

Geliefde brs. en srs. en kinders

Wat verwag u van God se beloftes in sy Woord? Is daar in jou hart sekerheid dat die dinge wat die Here aan sy kinders beloof ook vir jou bewaarheid sal word? Is daar by jou opgewonde afwagting dat die Here dinge in jou lewe laat gebeur? Dit is die vrae wat teksvers ons vanaand voor ons lê om te oordink. Dit gaan oor beloftes, vervulling van daardie beloftes en ons verwagtinge daaroor.

Brs. en srs. die Here se bedoeling hiermee is dat ons diep en ware blydskap oor God se beloftes moet ervaar. As gelowiges ontwikkel ons so maklik ŉ weerstand teen die oppervlakkige vrolikheid en blydskap wat die wêreld opdis met Kersfees en dit alles om finansieel meer wins daaruit te maak. Die gevolg is dat sommige van ons hierdie sogenaamde feestyd met ongeduld omwens en daarmee slaag die duiwel daarin om die ware betekenis van die geboorte van Christus en die herdenking daarvan te oorskadu. Ons moet dus moete maak om aan hierdie herdenkingsdag die ware inhoud en geloofsreaksie te gee.

En daarom brs. en srs. en kinders, Kersfees sê: God se beloftes staan vas en jy kan met blydskap en sekerheid daarop reken.

Kersfees herinner ons daaraan dat God belowe het, dat Hy sy belofte vervul en dat gelowiges met blydskap en vaste geloof daarop kan antwoord. Dit is dus ŉ Kersboodskap van troos maar ook van vermaning omdat ons so dikwels min dink van God se beloftes.

Daar is min volke wat so oortuig was van beloftes as die Israeliete van die Ou Testament en die Jode in die tyd van Christus se geboorte aan die beloftes van God. Want God het van die begin van die bestaan van hierdie volk sy belofte van ŉ Verlosserkoning aan hulle gegee. Daarom begin Matteus ook sy geslagsregister by Abraham. God het Abraham geroep met die belofte van ŉ volk waaruit daar ŉ Koning tot seën van die hele wêreld gebore sou word. En hierdie belofte is deur die eeue herhaal.

Kom ons kyk hoe is dit belowe en watter verwagting daar by die volk was:
Dit word aan die begin eers kernagtig en in verskillende fases gegee: die belofte van verlossing, dan elders die belofte van ŉ Profeet wat uit sy mense sou opstaan, die belofte van ŉ koning wat vir altyd sal regeer. Dink bv. aan die profesie van Balak in Num 24: “Ek sien hom, maar hy kom nie nou al nie, ek kyk na hom, maar hy is nie naby nie, daar kom 'n ster uit Jakob, daar staan 'n heerser in Israel op. Hy verpletter die voorkop van Moab, hy vernietig al die opstandiges.”

Hierdie beloftes het ook in vervulling gegaan in die tyd wat dit gegee is met profete en konings wat die volk kragtig gelei het, maar tog nie tot volle verlossing kon lei nie. Die volk het altyd weer uitgesien na een wat sou kom om die volle verlossing en koningskap te bring. Hierdie beloftes is altyd gekoppel aan ŉ tyd wat sou aanbreek waarin die volle heil en seën van God oor sy volk sou aanbreek.

Later gee die Here sy beloftes in meer besonderhede en met groter impak: Lees Jesaja 7: 14
14Die Here sal daarom self vir julle ŉ teken gee: ŉ Jong vrou sal swanger word en ŉ seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem.

Onthou u Jesaja 9: 5.
5Vir ons is ’n Seun gebore, aan ons is ’n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

Wonderlike beloftes waaraan die volk kon vashou. Dink ook aan Jesaja 53 waarin God met ongelooflike detail die verlossingspad wat Jesus sou loop aan sy volk voorhou. Hoe moes die volk nie hierna uitgesien het nie, juis in hulle tyd van ballingskap in Babel waar hulle die straf op hulle sondes moes dra.

Nog later word selfs die geboorteplek van hierdie Verlosser-seun van God aangekondig. Lees Miga 5: 1. “Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryse verlede!”

Hoe opgewonde moes die volk nie gewees het oor hierdie aankondiging nie! Ons weet selfs waar die Verlosserkoning gebore gaan word.

En dwarsdeur die geskiedenis het die volk aan hierdie beloftes vasgehou en geglo dat God dit waar sal maak. Die Jode in die tyd van Christus se geboorte het ook onwrikbaar aan hierdie beloftes vasgehou.
En nou skryf Matteus dat al hierdie beloftes nou vervul word met die geboorte van Jesus. Hy sê: “dit alles het gebeur sodat die woord wat God gespreek het deur sy profeet vervul kan word.”

Brs. en srs. weet u wat dit beteken om in hierdie woorde te glo? Dat ’n mens kan vashou aan wat God belowe en met blydskap die vervulling daarvan afwag? Dit beteken tog dat God ’n plan met die wêreldgeskiedenis het en dat Hy daardie plan onwrikbaar laat uitwerk tot my redding en verlossing.
Kyk net waar het dit alles begin vir die volk van God! By Abraham, eeue gelede belowe en deur die eeue is hierdie belofte herhaal en verdiep en dan op hierdie tyd in die geskiedenis wat Matteus beskrywe word dit alles in vervulling gebring: die Verlosserkoning word in Betlehem gebore: presies soos belowe is!!

Ja, geliefde gemeente, ons kan reken op God se beloftes! Jy kan met blye versekering reken daarop dat God ook ’n plan met jou lewe het wat Hy dag vir dag tot uitvoer bring. Brs. en srs. dinge gebeur nie maar sommer net in jou lewe nie. Dink maar met terug aan hierdie jaar wat verby is: alles wat gebeur het is deel van God se plan vir jou lewe. Alles in jou persoonlike lewe: elke geloofshoogtepunt en laagtepunt, elke ding in jou huislike lewe. Elke gebeurtenis in jou werksomstandighede, elke ding wat in ons stad en in ons land en in die wêreld gebeur het, is deel van God se plan. Watter plan? Sy plan van verlossing en heerskappy vir jou, sy kind.

Want dit is waarvoor Christus gebore is. Die engel sê vir Josef: Hierdie Jesus sal sy volk van hulle sondes verlos. Hy is Immanuel sodat Hy sy volk van hulle sondes kan bevry. En hierdie belofte geld ook vir jou. Dit is die vervulling van God se verlossingsplan vir jou. Dat jy van jou sondes verlos kan word. Al die beloftes wat gegee is en wat vervul is: is daar vir jou.

Ook dit waarop jy nog wag! Glo en weet dat die Here sy beloftes aan jou sal vervul!

Want met die koms van Christus is daar ook belofte van Heerskappy en Koningskap wat waarborg dat God regeer. Dit word openbaar deur die gebeure met die wyse manne uit die ooste. Hierdie astroloë het ŉ besondere ster gesien en gaan navors waar hierdie ster vandaan kom en wat sy betekenis is. Waar dink jy het hulle gehoor van ŉ Koning wat vir die Jode gebore sou word? Ook uit die beloftes van God. Na alle waarskynlikheid kom hierdie wetenskaplikes uit Babel waar hulle die geskrifte van die Ou Testament in hulle biblioteke gehad het en dit nagevors het tot hulle gekom het by Numeri 24: 17 waar hulle gelees het van ŉ ster uit Jakob wat sou opstaan om as koning van Israel te regeer. So bring God se belofte van ŉ Koning hierdie manne na Israel op soek na die geboorteplek van hierdie Koning.

Sien jy die betekenis hiervan? God se beloftes betrek ook heidene op die moment waar hierdie beloftes in vervulling gaan. Dat hulle ook voor hierdie koning kom buig en aan Hom hulle eer bring.
Hulle geloof en blydskap in reaksie op die vervulling van God se beloftes staan in skerp kontras teenoor die reaksie van die kerk van daardie tyd. As koning Herodus die kerkleiers roep om uit te vind oor hierdie belofte en die vervulling daarvan dan gee hulle dit sonder twyfel aan hom. Die koning sal in Betlehem gebore word volgens die profesie van Miga.

Maar brs. en srs. hulle – die kerkleiers - doen nie eers die moeite om self te gaan kyk of hierdie dinge nie dalk waar is nie. Hulle wat al die beloftes van God ken, word nie geraak as God hierdie beloftes voor hulle oë in vervulling laat gaan nie. Hulle wat so gehoop het op hierdie beloftes en dit in die sinagoges aan die volk verkondig het, hulle staan koud as hulle daarmee gekonfronteer word.

Hoekom hierdie groot verskil in reaksie tussen Josef en Maria, die heidene uit die Ooste en die kerk van daardie tyd?
Dit het te doen met hulle verwagtinge van God se beloftes. Die kerkleiers en die volk in die algemeen het gehoop dat hierdie Koning wat gebore sou word hulle van die heerskappy van die Romeine sou bevry, dat Hy Herodus huis toe sou stuur en dan as politieke Koning oor Israel sou regeer en weer voorspoed en glorie sou bring soos in die dae van Dawid en soos die Here beloof het.
Hulle het nie verstaan dat Hy hulle sou verlos van hulle sondes en dat Hy Koning oor hulle sal wees en hulle Hom met gehoorsaamheid sou dien nie. Dit is nie wat hulle verwag het nie. En daarom sien hulle nie die vervulling van God se belofte raak nie en glo hulle nie daarin nie.

En brs. en srs. daarom ook die vraag: wat is ons verwagtinge van God se beloftes van verlossing en Heerskappy. Leef ons nie met die verkeerde verwagtinge nie?. Dat hierdie beloftes van God betrekking het op my aardse voorspoed en geluk en dat Hy dit vir my in daardie sin sal vervul. Dat alles met my goed sal gaan en dat ek aardse geluk sal ervaar. En daarvoor hou ek vas aan God se beloftes. Dit is dan ook die rede waarom baie mense sou gou moedeloos raak . Hulle sien God se beloftes net in aardse terme raak en as dit dan nie so vir hulle verloop nie, dan skryf hulle God en sy beloftes af.

Ek wil die volgende beeld gebruik sodat die kinders ook kan verstaan wat die Here wil sê. Ons hanteer God se beloftes dikwels soos julle kinders julle Kersfeesgeskenke hanteer. Daar is die belofte van ŉ geskenk met Kersfees en die kind sien met groot opgewondenheid

daarna uit. En as hy sy geskenk ontvang en dit beantwoord nie aan sy verwagtinge nie, dan is hy teleurgestel.

Brs. en srs, Kersfees wil vir ons sê: God se beloftes word vervul, jy kan met groot blydskap en verwagting daaraan vashou. Maar dan moet jou verwagtinge reg wees anders gaan jy verkeerd reageer op die vervulling van God se beloftes of jy gaan soos die skrifgeleerdes dit glad nie raaksien nie.

Wat behoort dan ons verwagtinge te wees op die beloftes dat Jesus Christus ons Verlosser en Koning is? As Verlosser het Hy my bevry van die mag van die sonde en vergewe die Vader my my oortredinge. Ek staan dus onskuldig en vry voor God. Ek het dus reeds die ewige lewe beërwe en sal dit eendag volkome ontvang. Ons het dus hierdie belofte van ewige heerlikheid!

Maar Hy is ook my Koning – Hy regeer oor hierdie wêreld en oor my lewe: daarom hoef ek niks, ja niks op hierdie wêreld te vrees nie! Glo jy dat dit waar is??
As jy glo dat Hy jou koning is beteken dit dat ek aan Hom diensbaar moet wees. In alles moet ek aan My Koning gehoorsaam wees en Hom met alles en in alles in my lewe dien. Dat ek sy koninkryk eerste sal stel en Hy sal aan al my behoeftes voldoen. As dit my verwagting en my geloof is, dan word hierdie beloftes vir my waar.

Dit beteken nie dat God se beloftes net geestelik is nie. Natuurlik beteken sy Koningskap dat Hy ook vir my sorg. Maar dit beteken nie noodwendig aardse voorspoed en seëninge nie. Dit sluit dit ook nie uit nie, maar dit moet nie my verwagtinge wees nie. Anders sal ek ook soos die Skrifgeleerdes teleurgestel word.

Brs. en srs. As u in hierdie tyd terugdink aan Christus se geboorte en dit ook met opregtheid gedenk, dan wil die Here u verseker dat sy beloftes wat Hy toe vervul het vandag nog net so vas staan. U kan daaraan vashou met ʼn blye sekerheid en opgewonde afwagting. Die Here sal sy beloftes aan jou in vervulling laat gaan – vandag, maar ook tot in ewigheid.

Daar is een groot belofte wat nog vervul moet word en dit is die belofte van die Wederkoms – en daaraan kan ons met groot vreugde en met vaste sekerheid vashou! God sal dit ook vervul!

Verwag dan van God die regte dinge en antwoord soos Josef en Maria met gehoorsaamheid daaraan. Dan is daar regtig rede tot blydskap en vreugde met Kersfees en kan u dit met ʼn feestelike en dankbare gemoed herdenk.

Amen.